Donderdag 28 Mei

Skrifgedeelte: Lukas 18:15-17; Matteus 19:13-15 (AFR33/53)

Fokusgedeelte: Lukas 18:15-17

## Christus se genade is ook vir kindertjies!

Ons Here Jesus Christus het baie bemoeienis gemaak met kinders, veral die kinders van gelowiges. Ons sien dit reeds so vroeg soos net na die skepping waar die mens beveel word om kinders te kry. Later sien ons dit in gedeeltes soos Deuteronomium 6 waar ons leer dat ons ons kinders moet grootmaak in die weë van die Here. In die Psalms kom dit duidelik na vore, en dan op 'n gedeelte soos hierdie werk die Here op 'n merkwaardige manier met kinders. Hier wys Christus ons ook hoe ons met ons kinders moet werk. Ons moet hulle nie verhinder om na Hom te kom nie, ook in die erediens. Onder die erediens ontmoet ons kinders die Here op net so 'n wonderlike manier soos volwassenes, al verstaan hulle nog nie alles nie. Net dat hulle in die erediens is, beteken reeds baie!

Wie was hierdie kindertjies en waarom is hulle belangrik? Dit was Joodse kinders. Gelowige ouers het hulle kinders na Jesus toe gebring. Dit was die gebruik gewees destyds dat ouers hulle kinders na 'n rabbi toe bring om geseën te word. Dit is 'n gebruik wat al van vroeg af kom waar Manasse en Efraim geseën word. Hierdie kinders was dus verbondskinders. Dit is kinders van gelowiges wat hier van Jesus af weggehou word. Hoe verskriklik is dit nie! In Markus 10 sien ons hoe Jesus reageer teen die optrede van die dissipels.

Hy het hulle kwalik geneem. Ons kan die Griekse woord ook eerder vertaal met: *dit het Hom diep gegrief*. Dit grief die Here wanneer kinders van Hom af weggehou word. Deur die verbond is die genade in Christus ook vir ons kindertjies! Hoe wonderlik is dit! Ons kinders is medegelowiges en mede-erfgename van God se beloftes. Laat ons daaraan vashou, en ons kinders bring na die genadetroon van God.

*Sing: Psalm 34-1:1, 4, 6*

*Ds. W (Werner) Brotherton (Heidelberg, Gauteng)*